

Preekskets vir Pinksterfees.

Johannes 7: 37 – 39. Almal wat dors is, kom na Jesus toe!

Ds Andries Combrink

Gebruik jou verbeelding. Jerusalem is oorvol mense wat kom feesvier! Die huttefees! Twee belangrike sake kry aandag. Die ontvangs van die wet deur Moses word herdenk. God het die lewenswyse van die gelowige aan sy OT volk bekendgemaak. Dit is verder ook oesfees. God voorsien nie alleen in die geestelike behoeftes nie, maar ook in die lewensbelangrike oes. Diere en plante word geoffer en aan God word as die oorsprong van alles, eer gebring.

Sien in jou verbeelding die oorfloed van offers! Op die eerste dag van die fees van 7 dae is reeds 13 bulle geoffer, 12 op die 2de, 11 op die 3de en so aan tot by 7 op die laaste! Talle ander diere en plantoffers is gebring. Ook offers van gebede, sang en danse! Israel bly in hutte van takke gevleg in die strate en daar word die hele dag feesgevier, geëet, gesing en gedans! God is goed! Hy sorg uitnemend vir ons in elke opsig! Hy het ons van Egipte bevry, ons sy wet gegee en daarby 'n geseënde oes. Prys die God van die verbond vir dit alles!

Israel vier fees want alle goeie gewasse kom van die God van die verbond -- bring weer aan die Here wat aan Hom behoort en wat Hyself vir jou gegee het en Hy sal dit vir jou teruggee om mee fees te vier!

Dit was die gebruik dat die hoëpriester op die laaste dag van die fees 'n kruik met reënwater oor die altaar uitgooi! Nog 'n offer van dit wat God gegee het, aan Hom terug! om Hom te eer vir sy liefde en sorg. Reën kom van die God van die verbond! Alle goeie gewasse kom van Hom alleen, sê die aanbidders met dankbaarheid.

Jesus staan ook daar – sien die oorfloed van die fees en waarskynlik ook die wateroffer. Hy neem ook die armoede van geestelike honger en dors waar.

Mense kan met oorgawe die vreugde van die aanbiddingsritueel geniet – en steeds geestelik sterf van die dors, want hulle het nog nie die water wat die ewige lewe bring, ontvang nie.

Jesus het hard uitgeroep. Jesus nooi hulle dringend en hartlik uit:

*“As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink. Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei!” **Hiermee het Hy na die Gees verwys** wat die mense wat na Hom toe sou kom, sou ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie.”*

Daar is geen onduidelikheid oor wat Jesus bedoel nie! Ekself wat hier by julle staan is die Voorsiener! Ekself is inderdaad die God vir wie julle al hierdie offers bring – nl. God wat mens geword het! Dit is Ek wat die reën, die oes, die lammers en die kalwers gee. Maar Ek kan ook baie meer gee as dit. **‘n Fontein in jou woestynhart wat sal verseker dat jy geestelik ‘n tuinlewe sal ervaar! Ek sal julle ‘n nuwe wet gee – die wet van Gees wat lewe bring!** (Rom. 8).

As julle My aanbid, sal Ek my Heilige Gees oor julle uitstort, wat 'n stroom van lewende water uit julle diepste menswees laat uitvloei. Dit sal vir julle oorfloed van lewe gee – vrugbaarheid vir die Here en gemeenskap met God wat soos 'n Paradystuin vol vrede en blydschap is - en julle sal ook die water van die lewe met baie ander kan deel wat van geestelike dors sterwend is.

Vers 44 – party wou Hom gevange neem en vers 49 – die leiers sê hierdie vervloekte klomp wat nie ons wet ken nie, beskou Hom as iemand wat saak maak! Hy het sekerlik gelaster,

want Hy het Hom aan die God van Abraham, ja die God van Israel gelykgestel. Dit was vir almal baie duidelik wat Jesus wou sê. Dat Hy self God is, dat Hy alleen kan sorg en dat die godsdienspraktyke van sy tyd geen antwoord of oplossing of antwoord bied nie. Wie Hom aanbid, sal die Heilige Gees ontvang en waarlik lewe en ware sorg en genade van God kry.

Die volk sê in hulle fees – alles wat goed is kom van die God van die verbond!
Jesus sê, dit is Ek. **Die Gees wat Ek sal uitstort oor hulle wat na My toe kom, sal alle dors wegneem!**

Die geheim van die volop lewe, is die aanbidding van Jesus Christus. Dit behels onder andere ywer in sy diens, ja om nooit genoeg te kry van die gemeenskap en diens van Jesus nie; om altyd nog meer te soek en te wil hê. Dit beteken om altyd te soek na die volledige vervulling met die Heilige Gees.

As ons teensinnig (lui, agterlosig) raak om Jesus te aanbid – pasop die vyand wil jou laat sterf van dors.

As jou Bybellees vir jou 'n las is en jy ontmoet nie vir Jesus daarin nie – pasop, die vyand wil jou laat sterf van dors.

As gebed 'n gewoonte en bygelowigheid is en nie 'n luister na God en **'n gesels met God in Jesus Christus deur die werk van die Heilige Gees nie** – dis die vyand wat jou wil laat sterf van dors.

Strome lewende water kan uit jou binneste vloei. Dit is die moeite werd vir God om ons te seën – want ons wat Jesus as God, Heer en Verlosser dien en aanbid, omskep die hele wêreld in 'n tuin tot sy eer! Sy kinders en volgelingen gee om vir die liggaamlike en geestelike nood van die wêreld, soos Hy omgee het tydens sy bediening op aarde.

Hy kan maar sy Gees in alle volheid in ons lewe laat werk, want sy gemeente word daardeur gevoed en gelaaf. Hulle wat dors het kan kom drink, want Jesus sal vir hulle, deur ons diens aan Hom, water gee. En woestynlewens sal in blomtuine vir die Here omskep word.

Dit is waaroor die Pinksterfees gaan.

Dit is die Woord van die Here.

Dank God vir sy Woord.

Amen.